

Name

# Die skilpadjie

# Gedig hantering

## Die skilpadjie

Daar was 'n skilpadjie,
Wat gewoon het in 'n boks.
Hy het in 'n plassie geswem
En gelê op 'n rots.

Hy het gehap na 'n muskiet,
Hy het gehap na 'n by
Hy het gehap na 'n vlinder,
En hy het gehap na my.



Toe vang hy die muskiet,
Toe vang hy die by.
Toe vang hy die vlinder,
Maar wat hy nie gevang het nie, was vir my.

Adapted C Lindsay

**Alliterasie** is die herhaling van dieselfde konsonant twee of meer kere na mekaar aan die begin van woorde.

**Assonansie** is die herhaling van vokale (klinkers) om 'n bepaalde stemming te skep.



*Skryf die rym pare neer*

| | |
|---|---|
| | |

*Skryf die Assonansie woord/e neer*

| | |
|---|---|
| | |

LIVEWORKSHEETS

# Ontkennings

In die ontkennende vorm word sake in die negatiewe vorm gestel, bv.
**Sy het nie gebel nie**.
Let daarop dat die woord **nie** twee keer in die sin verskyn.

Skryf die volgende sinne in die negatiwe vorm

Hy het na my gehap.

Hy het my gejaag.

Sy het 'n boek.


Ek het 'n pen.

Ons geniet dit.

## Sinonieme

**Dit is woorde wat dieselfde betekenis het. Ons gebruik sinonieme wanneer ons ons taal wil verlewendig.**

*Die olifant is groot/enorm/reusagtig.*
Kan jy aan ander voorbeelde dink?



## Antonieme

**Dit is woorde met die teenoorgestelde betekenis. Ons gebruik hulle om kontras uit te druk.**

*Die skilpad is stadig en die haas is vinnig.*
Kan jy aan ander voorbeelde dink?




LIVEWORKSHEETS

## Onomatopeë (klanknabootsende woorde)

Dit is woorde wat klanke naboots.

Die eende raas "kwaak, kwaak" en die hond blaf "woef, woef".

Kan jy aan ander voorbeelde dink?




## Alliterasie

Dit is die herhaling van dieselfde konsonant twee of meer kere na mekaar aan die begin van woorde of woorddele.

Bettie het bitter botter gekoop.

Dit is die winterwind wat waai.

Kyk hoe die **b** en **w** herhaal word. Kan jy aan ander voorbeelde dink?



## Hiperbool

Ons gebruik die hiperbool wanneer ons oordryf.

Dit was vandag kokend warm.

Kan jy aan ander voorbeelde dink?



LIVEWORKSHEETS